TEKS 1

WIE ONTHOU NOG DAARDIE FOTOBOEKIES VAN MY GROOTWORDJARE?

Johan Nell

1 Ek sê onlangs vir my kinders dat iets my met my hande in my hare laat sit het. En daar weet hulle glad nie wat ek bedoel nie. Ek het dit self uitgedink, beskuldig hulle my, daar is g'n so 'n uitdrukking nie. My borselkopsnit en bleskol het hulle dalk verder verwar.

2 Jammer dat jongmense deesdae so min kleurryke Afrikaanse uitdrukkings ken. Engels – en baie ander tale ook – kan 'n ding dikwels net nie so deeglik ***sê*** soos Afrikaans nie.

3 Nou ja, I do not want to fetch the baboon behind the mountain, maar van hande in die hare gepraat: tydens my kinderdae in ons tuisdorp het mans nog hulle hare by 'n barbier laat sny en vrouens by die haarsalon.

4 My moeder het elke Donderdag van haar lewe, stiptelik om twee namiddag, 'n afspraak by tannie Marie se salon gehad. Een week is die hare net so geknip-knip. Ander kere, seker so elke drie maande, is dit geperm. Tussen-in is dit perserig afgespoel en "gedoen".

5 Om een spesifieke rede het ek dolgraag na tannie Marie toe saamgegaan: in die wagarea het 'n draadboekrakkie gestaan, skeef gebuig van al die slapband fotoverhaalboekies.

6 Party boekies was al voos gevat, met tientalle vermiste bladsye. Ander was splinternuut, met gekleurde voorblaaie vol springende perde en gebalde vuiste: Ruiter in swart. En dan daaronder die subtitel van dié spesifieke uitgawe in 'n rooi banier: Wraak is myne. Of: Hoefslae van onheil. Of: Rowers van Marula.

7 Onthou iemand nog vir Rocco de Wet as die Grensvegter? Die swart luiperd? Mark Condor? Te veel om op te noem.

8 Ek het toe nog nie eens geraak aan die Saal 10-(Ongevalle)-verhale nie. Elke dokter was 'n jong spiertier. Elke verpleegster 'n blonde seksbom. Pasop vir gevaarlike rooikoppe of astrante brunette!

9 En Tessa! Met haar uitlokkende bikini op die voorblad, die een hand uitdagend op die heup, in die ander hand nonchalant 'n glasie wyn, terwyl 'n boef 'n oorgehaalde pistool op haar rig.

10 Wanneer my ma sê: "Sien tannie volgende week weer," moes ek die fotoboekie net daar – in die middel van 'n storie – los. En wás ek vies as ek nie die volgende week dieselfde boekie tussen die ander kon opspoor nie!

11 Maar my pa wou nooit hê ek moes my hare by tannie Marie laat sny nie. Ek moes saam met hom na die manshaarkapper met sy leerbande en dreunende knipper gaan. Daar was net een styl: short back and sides.

12 Dit was vir my sleg, want by oom Jonker was daar geen wagkamer nie. Ek het met my hande in my hare daar gesit terwyl ek in die spieël kyk hoe my kort hare nog korter geknip word. En ek het na my ma se salon verlang. Die een met die skewe boekrakkie.

[Verwerk uit: Nell, Johan. 2022. Wie onthou nog daardie fotoboekies van my grootwordjare? Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/wie-onthou-nog-daardie-fotoboekies-van-my-grootwordjare-20220225>. Datum van toegang: 31 Maart 2022.]

IEB Copyright © 2023

TEKS 2

WATSE WORTEL IS DIT NOU? AFRIKANERS MAL OOR DIÉ 2 'WORDLES'

Werner Wippenaar

1 Die Engelse vyfletter-woordspeletjie ***Wordle*** het skaars posgevat of vernuftige Afrikaanse ontwikkelaars het dit vir hul moedertaal aangepas.

2 ***Watse*** is deur Francois Lion-Cachet geskep. Hy is gehelp deur kollegas en ontwikkelaars, prof. Gerhard van Huyssteen van die Noordwes-Universiteit, asook Arno Welgemoed.

3 ***Wortel*** is deur Francois Botha, 'n programmeur wat manalleen gewerk het, geskep. Hy sê wat dinge vergemaklik het, is dat die kodering van ***Wordle*** aanlyn beskikbaar is.

4 Van Huyssteen verduidelik dat 'n program soos ***Wordle*** uit drie dele bestaan: "Die enjin (die algoritme), die bakwerk (die koppelvlak) en die brandstof (die woordelys). Die programmeerder werk aan die enjin en die bakwerk, en ons verskaf die woordelys."

5 Die woordelys bestaan uit twee dele: alle moontlike Afrikaanse vyfletterwoorde, en al die vyfletterwoorde wat as die woord van die dag gebruik kan word. (Onthou: daar moet 'n woord van die dag wees vir ELKE dag van die jaar!)

6 "Eersgenoemde lys is nodig om te sorg dat jy nie nonsenswoorde soos ***aeiou*** kan intik nie, maar ook om jou te beskerm as jy dalk 'n vingerfout maak."

7 "Ons het al die vyfletterwoorde uit ons Afrikaanse leksikon onttrek en eers alle woorde met skryftekens soos kappies en deeltekens verwyder. Nog 'n paar toertjies hier, en 'n toets of twee daar, en ons kon uiteindelik 'n lys van byna 5 000 woorde saamstel. Dit is die lys wat gebruik word om te kyk of dit 'n geldige woord is."

8 "Ek het daarna uit dié woordelys toe naastenby 700 woorde onttrek wat myns insiens geskik is as woord van die dag."

9 Lion-Cachet noem al wat hulle toe moes doen, is om op die naam te besluit. "Ons het gedink ***Watse*** is 'n goeie naam. Beter as ***Woordel*** wat anglisisties is – en ***Watse*** is natuurlik 'n vyfletterwoord."

10 Botha sê hy het ou skoolvriende gevra om die program te toets voordat dit bekendgestel is. "Hulle het daarvan gehou en die naam ***Wortel*** voorgestel: dit is soortgelyk aan die Engelse ***Wordle***, maar klink tog na iets lekkers en anders – en dit is natuurlik Afrikaans."

11 Albei speletjies is in Februarie bekendgestel en doen goed met daaglikse besoekers. ***Wortel*** ontvang ongeveer 11 000 besoeke per dag en dit groei daagliks. ***Watse*** word elke dag deur 13 000 mense gespeel – meer as 100 000 sedert dit bekendgestel is.

12 Albei speletjieontwikkelaars beoog voortdurend verbeteringe. Spelers moet maar elke dag oplet of dinge anders lyk!

[Verwerk uit: Wippenaar, Werner. 2022. Watse Wortel is dit nou? Afrikaners mal oor dié 2 'Wordles'. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/tegnuus/watse-wortel-is-dit-nou-afrikaners-mal-oor-die-2-wordles-20220225>. Datum van toegang: 31 Maart 2022.]

IEB Copyright © 2023

TEKS 3

CATHY O'DOWD

Cathy O'Dowd (gebore 1968) is 'n Suid-Afrikaanse rotsklimmer, bergklimmer, skrywer en motiveringspreker. Sy was die eerste vrou wat die piek van Everest vanaf sowel die suidelike as die noordelike kant bereik het, op 25 Mei 1996 en 29 Mei 1999 onderskeidelik.

O'Dowd het in Johannesburg, Suid-Afrika, grootgeword en het sedert haar universiteitsdae geklim. Haar eerste bergklimekspedisie was na die berg Ruwenzori in Sentraal-Afrika toe sy 21 was.

Everest-ekspedisies

Suidoostelike roete

Laat in 1995, terwyl O'Dowd 'n meestersgraad in mediastudies aan die Rhodes-universiteit voltooi het, is sy ingesluit in die eerste Suid-Afrikaanse Everest-ekspedisie. Op 11 Mei 1996 is ses klimmers in 'n kwaai sneeustorm dood nadat hulle op Everest se kruin was. O'Dowd was besig om saam met haar geselskap gereed te maak om die kruin te bereik toe die sneeustorm uitbreek. Dit het hulle gedwing om hulle aanslag op die piek uit te stel. Sy het die kruin op 25 Mei 1996 bereik, die heel eerste Suid-Afrikaner wat dit reggekry het.

Noordelike roete

In 1998 het sy Everest se noordelike roete aangedurf. Haar poging het ure van die kruin geëindig toe haar geselskap 'n Amerikaanse vroueklimmer wat ineengestort het, teengekom het. Hulle het vir meer as 'n uur probeer om haar te help, maar moes toe omdraai en afklim na die kamp en haar agterlaat. In 1999 het sy die eerste vrou geword wat Everest van sowel die noordelike as die suidelike kant uitgeklim het met haar suksesvolle tweede aanslag.

Ander ekspedisies

In die lente van 2004 het sy saam met die Brit Rona Cant en die Noorweër Per Thore Hansen 'n hondeslee-ekspedisie van 650 km deur die Noorweegse Arktiese gebied tot by Nordkapp, die noordelikste punt van Europa, onderneem.

Sy is in 2001 getroud met die leier van die eerste Suid-Afrikaanse Everest-ekspedisie, Ian Woodall, en woon in Andorra, 'n piepklein onafhanklike landjie in die Pireneë, die bergreeks wat Frankryk en Spanje skei. Sy is steeds 'n aktiewe bergklimmer, rotsklimmer en skiër.

[Verwerk uit: Cathy O'Dowd. 2022. Aanlyn beskikbaar by: <https://en.wikipedia.org/wiki/Cathy_O%27Dowd>. Datum van toegang: 31 Maart 2022.]

TEKS 4

DIE KIND WAT DOODGESKIET IS DEUR SOLDATE BY NYANGA

Die kind is nie dood nie
die kind lig sy vuiste teen sy moeder
wat Afrika skreeu skreeu die geur
van vryheid en heide
in die lokasies van die omsingelde hart 5

Die kind lig sy vuiste teen sy vader
in die optog van die generasies
wat Afrika skreeu skreeu die geur
van geregtigheid en bloed
in die strate van sy gewapende trots 10

Die kind is nie dood nie
nòg by Langa nòg by Nyanga
nòg by Orlando nòg by Sharpeville
nòg by die polisiestasie in Philippi
waar hy lê met 'n koeël deur sy kop 15

Die kind is die skaduwee van die soldate
op wag met gewere sarasene en knuppels
die kind is teenwoordig by alle vergaderings en wetgewings
die kind loer deur die vensters van huise en in die harte van moeders
die kind wat net wou speel in die son by Nyanga is orals 20
die kind wat 'n man geword het trek deur die ganse Afrika
die kind wat 'n reus geword het reis deur die hele wêreld

Sonder 'n pas 23

– Ingrid Jonker

[Oorspronklik uit die bundel *Rook en oker* (Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1963)
Bron: Brink, André P. 2008. *Groot verseboek Deel II*. Kaapstad: Tafelberg (bl. 463).]

IEB Copyright © 2023

TEKS 5

MARILYN MONROE: FOTO IN GOUD

Die kleur van heuning en van hars,
van seesand by 'n somersee:
kartels ougoudse rooi streel
à la Botticelli se Venus
die slank nek. 5

Die badjas gee niks bloot
wat dit bedek:
daar is tinte branderblou
waar die skuimwit handdoekstof
oor hals en skouers vou 10
en waar dit wegskuif is onopsigtelik
die regterbors toevallig effens oop,
'n paar los hare vee tot teen
die lagplooitjies om die linkeroog
met sy helder, onbevange blik 15
onder die breë wenkbrouboog.

Die hande palms op mekaar
is soos van 'n kind wat inslaap
die kenmerkende gebaar
of soos vir handeklap gelig, 20
die glimlag is skaars kyker- en kameragerig:
"Dit is maar skyn dat ek poseer:
mooi is ek – lewensbly en eg."

Oor jou, Marilyn, het ek nooit geswymel;
as tiener jou nie in my sterboeke geplak, 25
maar nou meteens deur dié een foto geraak,
wil ek vir die duur van die gedig
jou ook as ikoon vereer:
laat digters vir wie jy muse en kultus is
– wat met die dood flankeer, 30
met slaappille speel en met die see –
besef: voor die blond gebleikte prikkelpop
– groot geverfde mond, *beauty spot*, pendun wenkbroue –
was jy 'n goue meisie rossig in die son. 34

– Lina Spies

[Oorspronlik uit die bundel *Die skaduwee van die son* (Human & Rousseau, 1998)
Bron: Brink, André P. 2008. *Groot verseboek deel II.* Kaapstad: Tafelberg (bl. 697).]

TEKS 6

My meisie se wange is sterkoningappels
syt ook nog anner appelgeid
maar dit is ek nou kwyt
sys kwaad vir my en nous dit uit
ek het mos onlangs Sewe Dae lank 5
gaan kuier in Jeroen se Lekkertuin
'n geitjie het my meisie dit vertel
en nous ek haar en ook haar appels kwyt
(die storiemakers sê dit is maar goed so)
ek skaam my dood oor my besoek 10
van Sewe Dae aan Jeroen se Tuin
nou staan my ghremmer nous ek desperaat
wat mag 'n mens oor Lekker dink en praat
wat mag jy wens en skryf wat moet jy laat
by predikante professore soek ek raad 15
van Pontius na Pilatus vannie wal innie sloot
ek wens ek wens dat iemand my kan sê
wat is aksenawel tog die hoogste waarde
wat is betaamlik waar begin die kwade
daar is so baie Lekkertuine op dees aarde 20
nou staan my ghremmer nous ek desperaat

– Boerneef (I.W. van der Merwe)

[Oorspronklik uit die bundel *Op die flottina* (Nasionale Boekhandel, 1967)
Bron: Brink, André P. 2008. *Groot verseboek deel II.* Kaapstad: Tafelberg (bl. 442).]

IEB Copyright © 2023

TEKS 7

DIE SKOOLHOOF

Hy't gholf- en tennisballe ver gedryf,
op tiekie-aande heen en weer gedraf
langs kraampies "om die boufonds mee te styf",
weke op die grasperke deurgebring,
posisies uitgedeel, en op die staf 5
het sy bewonderaars mekaar verdring.
Sy mening is steeds met ontsag gehoor,
sy grappe steeds gevolg deur 'n lagkoor.

Toe het hy afgetree, maar na die end
besluit om terug te keer as assistent. 10
Hy het sy hand weer laggend uitgesteek
maar haastig het die hande by sy greep
verby gegryp – na iemand ágter hom.
Die drukte om hom het meteens verstom,
(om iemand anders het hul saamgedrom) 15
so regop soos hy was, het hy verkrom,
sy grappies was bebaard óf sonder sout,
hy't nooit besef die winters is só koud,
só eensaam by die tafel in sy jas
as hy sy broodjies uithaal uit sy tas. 20

En later het hy deurmekaar geraak,
'n gholfbaan van sy vloer gemaak,
die kryt die bal, die vloer die baan se gras:
'n nar geword waar hy eens koning was. 24

– S.J. Pretorius

[Oorspronklik uit die bundel *Lemma* (1974)
Bron: Snyman, Henning en Jan Vosloo (samestellers). 1991. *Nuwe verseboek vir seniors*. Kaapstad: Tafelberg.]

TEKS 8A

[Bron: Mouton, Fred. 2007. Vorder of vorder nie [spotprent]. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/n-goue-oue-uit-fred-se-pen-27-julie-2007-20180105>. Datum van toegang: 1 April 2022.]

TEKS 8B

[Bron: Van Vuuren, Niel. 2016. Matriekuitslae [spotprent]. Aanly beskikbaar by: <https://afrikaans.com/wp-content/uploads/2021/04/Hoerskool%20April%202019.pdf>. Datum van toegang: 1 April 2022.]

TEKS 9

[Bron: Auto & General [advertensie]. 2022. In: *Taalgenoot*, Herfs 2022 (bl. 115).]

IEB Copyright © 2023